



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2012

VERBRUIKERSTUDIES

PUNTE: 200

TYD: 3 uur



Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye, insluitende 'n antwoordblad.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit VYF afdelings.

	AFDELING	PUNTE	TYD (MINUTE)
A	Kortvrae	40	20
B	Voedsel en Voeding	40	40
C	Kleding	40	40
D	Behuising en Huishoudelike Apparaat	40	40
E	Teorie van Produksie en Entrepreneurskap	40	40
	TOTAAL	200	180

2. Al die afdelings is verpligtend.
3. Beantwoord AFDELING A op die aangehegte ANTWOORDBLAD en plaas dit agter in jou ANTWOORDEBOEK.
4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
6. 'n Sakrekenaar mag gebruik word.
7. Gee aandag aan spelling en sinskonstruksie
8. Skryf slegs met blou of swart ink.
9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: KORTVRAE**VRAAG 1**

- 1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en maak 'n kruisie (X) in die blokkie (A – D) langs die vraagnommer (1.1.1 – 1.1.18) op die aangehegte ANTWOORDBLAD. GEEN punte sal toegeken word as meer as een kruisie (X) vir 'n antwoord verskyn nie.
- 1.1.1 Die funksie van die Nasionale Verbruikersforum is om ...
- A die belange van die Nasionale Besigheidsforum te beskerm.
 - B uitbuiting van leenagente te identifiseer.
 - C die kwaliteit van verbruikersprodukte te toets.
 - D berading vir mense met finansiële probleme te gee. (1)
- 1.1.2 Voorbeelde van indirekte belasting sluit in ...
- A kapitaalwinsbelasting en uitvoerbelasting.
 - B SIBW en BTW.
 - C BTW en LBS.
 - D aksynsbelasting en invoerbelasting. (1)
- 1.1.3 Die eet van die volgende voedsels sal die cholesterol laag hou:
- A hawermout, appels, lensies
 - B All-Bran vlokkies, druive, ertjies
 - C mielievlokkies, waatlemoen, nierboontjies
 - D coco pops, perskes, groenboontjies (1)
- 1.1.4 Osteoporose kan ontstaan as gevolg van onvoldoende ... in die dieet.
- A vitamien C en vitamien D
 - B vitamien D en koolhidrate
 - C versadigde vette en kalsium
 - D kalsium en vitamien D (1)
- 1.1.5 Die voedselverwante gesondheidstoestand as gevolg van die onvermoë om die glukosevlak in die bloed te beheer is:
- A Anemie
 - B Hoë bloeddruk
 - C Diabetes
 - D Bulimie (1)
- 1.1.6 Kies die mees geskikte proteïenryk-voedsel vir 'n persoon om koronêre-hartvatsiekte te beheer.
- A Hoender
 - B Eiers
 - C Vis
 - D Rooivleis (1)

- 1.1.7 'n Voorbeeld van vis wat 'n allergiese reaksie in sommige mense kan veroorsaak is ...
- A skulpvis.
 - B sardientjies.
 - C stokvis.
 - D tuna. (1)
- 1.1.8 'n Stap in klerekasbeplanning:
- A Sosiale faktor
 - B Behoeftanalyse
 - C Hulpmiddels
 - D Innovasie (1)
- 1.1.9 Style wat tydloos en eenvoudig is word geklassifiseer as ...
- A mode.
 - B hoogmode.
 - C klassiek.
 - D etnies. (1)
- 1.1.10 Konformiteit is ...
- A 'n persoonlikheids-eienskap.
 - B die opinie wat 'n persoon van homself of haarself het.
 - C om klere te kies wat by die portuurgroep-voorkeure pas.
 - D 'n belangrike eienskap wat een individu van 'n ander skei. (1)
- 1.1.11 'n Voordeel van 'n voltitel-eiendom is dat ...
- A daar meer parkering in die erf is.
 - B daar meer privaatheid is.
 - C daar meer sekuriteit is.
 - D dit rustig en stiller is. (1)
- 1.1.12 Om te kwalifiseer vir staatsubsidie moet 'n persoon ...
- A nie voorheen 'n subsidie ontvang het nie.
 - B getroud wees.
 - C al vir twee jaar gewerk het.
 - D geen kriminele rekord hê nie. (1)
- 1.1.13 Die dokument wat dien as wetlike eienaar van 'n huis staan bekend as die ...
- A akte van verband.
 - B koopkontrak.
 - C titelakte.
 - D eienaarskaptitel. (1)

- 1.1.14 'n Belangrike rol van 'n eiendomsagent is om ...
- A konfliktsituasies op te los.
 - B om 'n skakel tussen die koper en verkoper te wees.
 - C om alle dokumente namens die verkoper te teken.
 - D instandhoudingsdienste vir huiseienaars te voorsien. (1)
- 1.1.15 ... is die organisasie wat verseker dat die werkmanskap van die konstruksie van huise die verlangde standaard te verkry.
- A Sosiale Behuisingorganisasie
 - B Behuisingverbruikersbeskermingtrust
 - C Nasionale Huisbouersregistrasieraad
 - D Nasionale Behuisingfinansieringskorporasie (1)
- 1.1.16 Identifiseer uit die onderstaande lys die ABBA-beginsel wanneer 'n advertensie gemaak word:
- 1. Aandag
 - 2. Belangstelling
 - 3. Begeerte
 - 4. Ontwerp
 - 5. Aksie
 - 6. Beeld
- A 1, 2, 3, 6
 - B 1, 2, 4, 5
 - C 1, 2, 3, 5
 - D 2, 3, 5, 6 (2)
- 1.1.17 'n Persoon wat aan hipertensie (hoë bloeddruk) ly moet die volgende kombinasie voedsels vermy.
- 1. Soet beskuitjies
 - 2. Aartappelskyfies
 - 3. Gepiekelde uie
 - 4. Piesangs
 - 5. Biltong
 - 6. Room
- A 1, 3, 4
 - B 3, 5, 6
 - C 2, 5, 6
 - D 2, 4, 5 (3)


1.1.18 Uit die onderstaande lys, kies DRIE eienskappe van 'n funksionele klerekas.

1. Pas by jou persoonlikheid.
2. Goedkoop kwaliteit en steeds bekostigbaar.
3. 'n Kern van modegiere.
4. Meer bloese/hemde as broeke/rompe.
5. 'n Ander uitrusting vir elke tweede dag.
6. Items wat pasmaats is.

- A 1, 2, 3
 B 1, 4, 6
 C 3, 5, 6
 D 2, 3, 4

(3)

1.2 Identifiseer VIER klassieke style uit die onderstaande prent. Maak 'n kruis (X) oor die letter (A – H) op die aangehegte ANTWOORDBLAD.



(4)

1.3 Kies uit die onderstaande lys DRIE van die modebeginsels van mode. Maak 'n kruis oor die letter (A – F) op die aangehegte ANTWOORDBLAD.

- A Modeverandering is radikaal
 - B Mode verander gedurig
 - C Modeverandering is NIE gebaseer op pryse NIE
 - D Modeveranderinge is revolusionêr
 - E Modeverandering word deur verbruikers bepaal
 - F Modeveranderinge vind plaas op 'n afnemende pas
- (3)

1.4 Pas die stadia in die modesiklus in Kolom B (A – E) met die stelling van mode in Kolom A (1.4.11 – 1.4.5). Maak 'n kruisie (X) in die blok (A – E) op die vraagnommer (1.4.1 – 1.4.5) op die aangehegte ANTWOORDBLAD.

	KOLOM A Stelling van Modes		KOLOM B Stadia in modesiklus
1.4.1	Bykans alle tieners dra die tipe klere wat deur welbekende akteurs en aktrises gedra word	A	Toename
1.4.2	Baie tieners word by uitverkopings gevind. Hulle kyk na die styl en wat nog gedra en in die mode is.	B	Groei
1.4.3	Victoria en David Beckham is gewoonlik die eerste persone om die nuwe style te dra.	C	Bekendstelling
1.4.4	Die style word by die 2010-Wêreldsoekbeker geadverteer in baie tydskrifte, pamflette, koerante, venstervertonings en word massa geproduseer teen lae pryse en nuwe modes is besig om in te kom.	D	Afname
1.4.5	Die populariteit hang af van hoe goed 'n produk geadverteer is.	E	Ouderwets

(5)

- 1.5 Kies uit Kolom B (A – G) die mees relevante beheer van 'n persoon wat aan die volgende siekte ly. Maak 'n kruis (X) in die blok (1.5.1 – 1.5.5) op die aangehegte ANTWOORDBLAD.

	KOLOM A Siekte		KOLOM B Beheer
1.5.1	Diabetes	A	Moenie suiwel en suiwelprodukte eet.
1.5.2	Arteriosclerosis	B	Beheer jou gewig, die tipe voedsel en die vlak van fisiese aktiwiteit.
1.5.3	Hoë bloeddruk	C	Eet ses kleiner maaltye 'n dag en op dieselfde tyd elke dag.
1.5.4	Vetsug	D	Eet meer spinasie en brokkoli want dit bevat groot hoeveelhede luteïen.
1.5.5	Osteoporose	E	Neem suiwelprodukte en groen blaargroente vanaf 'n vroeë ouderdom.
		F	Streng op 'n gluten-vrye dieet.
		G	Oefen gereeld, en verminder die inname van sout.

(5)

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B: VOEDSEL EN VOEDING

VRAAG 2

2.1 Identifiseer en gee 'n kort beskrywing van 'n gesondheidsverwante probleem as gevolg van te veel versadigde vette wat ingeneem word. (3)

2.2 Verduidelik die verskil tussen eetversteurings bulimie en anorexia. Tabuleer jou antwoord as volg:

Bulimie	Anorexia

(3x2) (6)

2.3 Noem VIER riglyne om die risikofaktore wat met hartvatsiektes geassosieer is te beperk. (4)

2.4 Bespreek laktose-intoleransie met verwysing na die volgende:

2.4.1 Verduidelik wat laktose-intoleransie is. (2)

2.4.2 Simptome van laktose-intoleransie. (3)

2.4.3 Riglyne om 'n gebalanseerde dieet te beheer terwyl jy laktose-intoleransie beheer. (3x2) (6)

2.5 2.5.1 Verduidelik wat anemie is. (2)

2.5.2 Verduidelik waarom die volgende persone meer vatbaar vir anemie is:

(a) Vegetariërs (2)

(b) Tienerdogters (3)

2.6 Die voordele van goeie voeding vir MIV/Vigs-lyers sluit die volgende in:

(a) Liggaamsgewig word beheer.

(b) Verlore nutriënte word vervang.

(c) Die immuunstelsel funksioneer beter.

Analiseer die voordele in detail. (3x3) (9)

TOTAAL AFDELING B: 40

AFDELING C: KLEDING**VRAAG 3**

3.1 Verduidelik die volgende terme:


3.1.1 Styl (2)

3.1.2 Modegril/gier (2)

3.1.3 Haute couture (2)

3.1.4 Modeneiging (2)

3.2 Identifiseer en verduidelik watter boodskap deur die onderstaande klere oorgedra word.



(3x2) (6)

3.3 Bespreek hoe sosiale veranderinge modeveranderinge kan beïnvloed. (4)

3.4 Waarom verkies jongmense om klere en bykomstighede met handelsname te koop? (5)

3.5 Tieners konformeer dikwels met kledingstyle wat deur hulle portuur gedra word." Verskaf goeie redes vir bogenoemde stelling. (5)

3.6 Verduidelik met redes hoe en waarom jy op 'n sekere manier moet aantrek wanneer jy vir 'n onderhoud gaan. (2x2) (4)

3.7 Gee advies hoe geskikte klere gekies kan word vir die wêreld van werk. (8)

TOTAAL AFDELING C: 40

AFDELING D: BEHUISING EN SAGTE MEUBLEMENT

VRAAG 4

4.1 Verduidelik die volgende terme:

- 4.1.1 Huislening/Huisverband (2)
- 4.1.2 Oordragskoste (2)
- 4.1.3 Volle titelakte (3)

4.2 Noem DRIE vereistes waaraan voldoen moet word voordat 'n bank 'n verbandlening sal goedkeur. (3)

4.3 Lees die onderstaande gevallestudie en beantwoord die vrae wat volg:

Toe Mike se gesin uit die woonstel wat hulle gehuur het gesit is, het hulle besluit om 'n hofspraak te begin. Die landdros het die familie gevra of hulle die huurooreenkoms gelees het.

- 4.3.1 Wat is 'n huurooreenkoms? (2)
 - 4.3.2 Meld waarom die landdros die familie gevra het of hulle die huurooreenkoms gelees het. (3)
 - 4.3.3 Gee VIER voordele wat die familie sou gehad het as hulle hul eie huis gekoop het. (4)
 - 4.3.4 Noem VIER verborge koste verbonde aan die koop van 'n huis ander as die koste van die huis. (4)
- 4.4 Bespreek die finansiële implikasies verbonde aan die dag-tot-dag bestuur van 'n huis. (3)
- 4.5 Vergelyk die volgende transaksies met betrekking tot voordele en nadele van die volgende.

- 4.5.1 Debietkaart
- 4.5.2 Kredietkaart

Tabuleer jou antwoord as volg:

	Transaksie	Voordele	Nadele
4.5.1	Debietkaart	(2)	(2)
4.5.2	Kredietkaart	(1)	(1)

(3x2) (6)

4.6 Evalueer hoe Suid-Afrikaners 'n bydrae behoort te maak met afvalbeheer en om afval te herwin. (4x2) (8)

TOTAAL AFDELING D: 40

**AFDELING E: TEORIE VAN PRODUKSIE EN BEMARKING VAN VOEDSEL,
KLEDING EN SAGTE MEUBLEMENT****VRAAG 5**

- 5.1 Verduidelik die volgende:
- 5.1.1 Kwaliteitbeheer (2)
 - 5.1.2 Gelykbreek (2)
 - 5.1.3 Teikengroep (2)
 - 5.1.4 Volhoubaar (2)
- 5.2 Bespreek die belangrikheid van 'n produksielyn in 'n klein onderneming. (4)
- 5.3 Wat moet jy in gedagte hou wanneer jy 'n advertensie beplan om jou produk te bevorder? (5)
- 5.4 Verduidelik waarom die maak van 'n voorbeeld of prototipe 'n goeie hulpmiddel is vir 'n besigheid. (3)
- 5.5 Om rekord te hou is 'n sleutelaspek van enige besigheid. Verduidelik die belangrikheid van behoorlike finansiële rekordhouding. (4)
- 5.6 Bespreek entrepreneurskap onder die volgende hoofde:
- 5.6.1 Verduidelik 'n entrepreneur (2)
 - 5.6.2 VYF redes waarom entrepreneurs faal. (5)
- 5.7 'n Entrepreneur spandeer R30 op tien produkte en verkoop dit vir R50. (Toon al die berekeninge).
- 5.7.1 Bereken die netto wins vir die entrepreneur. (3)
 - 5.7.2 Bereken die winspersentasie. (3)
 - 5.7.3 Bereken die eenheidsprys van die produk. (3)

TOTAAL AFDELING E: 40**GROOTTOTAAL: 200**

CONSUMER STUDIES / VERBRUIKERSTUDIES
ANSWER SHEET / ANTWOORDBLAD
SEPTEMBER 2012

NAME / NAAM: _____

GRADE / GRAAD: _____

SECTION A / AFDELING A

VRAAG 1.1 / QUESTION 1.1

1.1.1	A	B	C	D
1.1.2	A	B	C	D
1.1.3	A	B	C	D
1.1.4	A	B	C	D
1.1.5	A	B	C	D
1.1.6	A	B	C	D
1.1.7	A	B	C	D
1.1.8	A	B	C	D
1.1.9	A	B	C	D
1.1.10	A	B	C	D
1.1.11	A	B	C	D
1.1.12	A	B	C	D
1.1.13	A	B	C	D
1.1.14	A	B	C	D
1.1.15	A	B	C	D
1.1.16	A	B	C	D
1.1.17	A	B	C	D
1.1.18	A	B	C	D

23

VRAAG 1.5 / QUESTION 1.5

1.5.1	A	B	C	D	E	F	G
1.5.2	A	B	C	D	E	F	G
1.5.3	A	B	C	D	E	F	G
1.5.4	A	B	C	D	E	F	G
1.5.5	A	B	C	D	E	F	G

5x1	
	5

VRAAG 1.2 / QUESTION 1.2

1.2	A	B	C	D	E	F	G	H
-----	---	---	---	---	---	---	---	---

4x1	4

VRAAG 1.3 / QUESTION 1.3

1.3	A	B	C	D	E	F
-----	---	---	---	---	---	---

3x1	3

VRAAG 1.4 / QUESTION 1.4

1.4.1	A	B	C	D	E
1.4.2	A	B	C	D	E
1.4.3	A	B	C	D	E
1.4.4	A	B	C	D	E
1.4.5	A	B	C	D	E

5x1	5

TOTAL		TOTAAL
	40	